
# 180 MINUTE @ DE HOOP
# DIE STORIE VAN DE HOOP

## ‘n BOODSKAP VAN DIE BURGEMEESTER VAN OUDTSHOORN



**Uitvoerende Burgemeester Christiaan Macpherson**

Die ryke geskiedenis van Oudtshoorn word weerspieël in die groot verskeidenheid van plekke van aanbidding in die dorp en sy distrik. As die hoofdorp van die Klein Karoo bied Oudtshoorn ‘n tuiste vir bykans elke gelowige, wat ookal sy of haar geloofsoortuiging, of selfs taal mag wees.

Een van die strategiese doelwitte van die **Groter Oudtshoorn Visie 2030** projek is die bevordering en bewaring van die dorp se kulturele- en erfenisnalatenskap.

Die gemeenskap van De Hoop, met sy bekende kerkgebou, is een van hierdie bates om te koester tot voordeel van die breë samelewing.

Na die Covid 19 pandemie, met al die fasette en gepaardgaande ekonomiese inkrimping, wil ons aan elkeen in Oudtshoorn en in ons mooi land, ‘n boodskap van **HOOP** gee. My wens is dat almal met **nuwe hoop** sal voortgaan met hulle lewens.

## OUDTSHOORN: DE HOOP, 9 OKTOBER 2022





# INHOUDSOPGAWE


| | Bladsy |
|---|---|
| • Die verhaal van De Hoop: | 1 - 2 |
| • Die vier kunstenaars: | 3 - 5 |
| • Wyse woorde: | 6 - 29 |


**Borge**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die Herrie | 30 | Die Hoorn | 30 |
| Pic an Artist | 30 | Heartbeat FM | 31 |
| Klein Karoo Camino | 30 | C K International | 31 |


## DIE VERHAAL VAN DE HOOP

De Hoop is ‘n klein gemeenskap tussen Oudtshoorn en Calitzdorp in die Klein Karoo. Die statige sandsteen kerkgebou van De Hoop is op al die plakkate van die konsert.


Naby De Hoop het een van die mooiste ware verhale ooit afgespeel. ‘n Touleier se droom om sy eie plaas te besit, is in 1845 bewaarheid deur ‘n paar handevol vere van wilde volstruise te verkoop. Sestig jaar later was volstruisvere steeds ‘n uiters gesogte mode-artikel. Fortuine is bykans oornag verdien en volstruispaleise is gebou. Met die inwyding van die De Hoop kerkgebou in 1910 is die pluime van volstruise “wit goud” genoem. Oudtshoorn en sy distrik het floreer. Britse koninklikes en hoëlui soos Cecil John Rhodes was gereelde besoekers.



Ses jare later het die veremark ineengestort en was 1,130 mense in die gebied sonder ‘n heenkome. Daar is opgestaan en weer probeer, dikwels slegs met hoop in die hart. Vandag loop die produkspore van De Hoop weer oral in die wêreld. De Hoop staan steeds as ‘n baken langs die nou bekende Roete 62 wes van Oudtshoorn.

Die borge skenk ‘n volstruisveer en ‘n e-boek aan elke konsertganger. Mag dit jou herinner aan De Hoop en sy mense se tydlose verhaal dat ***die hoop nie beskaam nie***. Om die bekende akteur ***Christopher Reeve*** aan te haal: “***Wanneer jy hoop kies, is enigiets moontlik***.”

## DIE KUNSTENAARS:




**Jan de Wet** is gebore in Harrismith en matrikuleer in Potchefstroom in 1967. Hy studeer vir 'n graad in opvoedkunde aan die universiteite van RAU en Potchefstroom en gee van 1973 tot 1975 onderwys aan hoërskoolleerlinge in Namibië.
Vanaf 1975 studeer hy aan die Universiteit van Stellenbosch, dien as Voorsitter van die Studenteraad en behaal die grade B.Teologie en 'n Meestersgraad in Teologie en word 'n predikant in die NG Kerk van Suid Afrika.
Hy was leraar van 'n gemeente in Somerset Wes waar hy gewoon het van 1980 tot 1989 en begin met 'n onafhanklike musiekbediening in 1983. Hy tree sedertdien regoor Suid Afrika op sowel as in 'n hele aantal oorsese lande soos die VSA, Duitsland, Switserland, Nederland, België, Frankryk, Nieu Seeland, Australië en die Verenigde Koninkryk sowel as naburige lande: Namibië, Botswana, Swaziland en Mosambiek.

Hy het sy eerste klankopname as sang- en uitvoerende kunstenaar in 1967 gemaak en terwyl hy onderwyser en predikant was, was hy steeds aktief betrokke by die musiek industrie. Deur die jare het hy meer as 60 musiekalbums vrygestel (plate, kassette, cds, video's, dvds) en daarvoor talle musiektoekennings ontvang. Hy is tans onder kontrak by Sony Musiek en ook betrokke by die sanggroep 'Manne wat Glo' wat plaaslik sowel as internasionaal optree.

Jan is getroud met Jeanette en het drie getroude kinders en 6 kleinkinders. Hy het deur die jare op verskeie rade gedien, talle boeke gepubliseer, 10 Comrades Marathonne suksesvol voltooi en lei gereeld groepe na Israel. Hy is ook organiseerder en leier van jaarlikse Motorfietstoere na die Europese Alpe. Besoek gerus https://jandewet.co.za/




Dit was al singende op die skoolstoep waar **Danie Botha** se sangtalent as 'n graad een-leerling deur 'n onderwyseres raakgesien is. Vandat hy kan onthou, was dit sy lewensdroom om 'n sanger te word.
Danie is op 25 Junie 1964 in Pretoria gebore. Sy kinderjare bring hy deur op Rietvlei, 'n kleinhoewe buite Rustenburg. Van kleintyd af is hy 'n natuurmens en dit is dan ook waar hy steeds elke beskikbare tydjie deurbring met staptogte, duik, jag of diepsee-visvang.
Op laerskool presteer hy as leier en uitstaande sportman met provinsiale kleure in rugby, krieket en stoei. Tog was sang sy groot liefde en vertolk hy deur die loop van sy skoolloopbaan hoofrolle in operettes soos "Student Prince" en "Sound of Music".

Na sy diensplig gaan studeer hy aan die Potchefstroomse Universiteit en behaal 'n BA-graad in Bedryfs-en Personeelsielkunde. Musiek was egter die passie van sy

hart, en saam met die universiteit se dramaturg, Prof. Theunis Botha, bied hy tydens sy studentejare kamerkonserte regoor die land aan.

Dit was steeds Danie se lewensdroom om ‘n sanger te word. Toe dit in 1989 bykans oornag gebeur, was hy binne ‘n week ‘n voltydse sanger wat die land deurkruis met sy passie vir sang, musiek en vir die lewe. Sy eerste album, "Wenners," behaal binne drie weke na vrystelling goue status. Sedertdien word daar meer as 75 000 eenhede van 'Wenners" landwyd gespeel.

Dit was amper op die kruin van sy loopbaan dat hy hom vasgeloop het teen die kruis van Jesus! Van daardie dag af was daar vir hom geen ander keuse nie as om God se roeping vir sy lewe te volg. Danie is sedertdien bekend as ‘n “singende-prediker” en evangelis.  Sy lewenspassie is nou vir siele, die Woord en die Lewe. Danie beskou sy sangloopbaan as 'n groot voorreg en is dankbaar dat die land hom die geleentheid gun om dit met hulle te deel.

Vandag, drie-en-dertig jaar later, toer Danie steeds deur Suid-Afrika.  Hy het in dié tyd vier sekulêre albums, twintig geestelike albums, sewe duet-CD’s en vyf dvd’s vrygestel.

“Saam,” sê Danie, “kan ons mekaar help om oorwinning na te streef, ten spyte van die wipplank-oomblikke waaruit die lewe bestaan.” Ons hoor die boodskap van hoop in sy musiek; sien dit in sy lewensvreugde; en weet dan verseker saam met Danie: "Dat dit lekker is om te lewe!”




**Michael Lindt** is een van ons land se talentvolste sangers en liedjieskrywers, met genres wat strek van Rock, Pop, Country tot Gospel.


Hy skryf liedjies vir van ons land se bekendste sangers en hy spog met liedjies wat ook in die buiteland bekendheid verwerf het. Sy passie vir musiek het hom gelei om te help met sang en musiekklasse vir minderbevoorregte instansies en skole; hy tree ook graag op by Kerke regoor ons land.

Michael skryf die meeste van sy liedjies self wat geïnspireer word deur sy eie ervaringe. Sy eerste enkelspeler, ‘IS JY NIE MEER LIEF VIR MY’, was onderskeidelik nommer 1 en 2 op RSG en Jakaranda FM se trefferslyste. Sy 2de album ‘LEWE VIR  VANDAG’ is daarna vrygestel, waarvan sy liedjies ook op verskeie treffersparades verskyn het. Sy liedjies, ‘ELKE WOLK HET ’N SILWER RAND’ en ‘HORISON VAN MY DROOM’ was nommer 1 op die gewilde Groot FM Top 20 en Bok Radio. Op hierdie album doen hy ‘n duet saam met die pragtige Anna Davel.

Sy musiek word gereeld op verskeie radiostasies gehoor soos RSG, Jakaranda FM, Groot FM, Bosveld Stereo, Algoa FM, Bokradio, Radio Helderberg, Radio Tygerberg en Suid-Kaap FM. Hy het ook TV verskynings gemaak op: Noot vir Noot, Kwêla, Jukebox, DKNT, Opskop, Potpourri, Toks & Tjops, JAM en Musiek Roulette.

Michael is al gesien in tydskrifte soos: Juig! Tydskrif, Huisgenoot, Tempo, Vrouekeur en Finesse. ‘n Tweede SABC2 Musiek Roulette opname is in Junie 2016 van Michael geneem. Michael is betrokke by liefdadigheidsorganisasies na aan sy hart soos ‘Up with downs’, Livingball en Pink Trees for Pauline.
Hy het ook saam met die Parkdene Laerskool ‘n album vrygestel wat in Nederland versprei word.

Michael sing die temalied “WHAT THE WORLD NEEDS” van (die liefdadigheidsorganisasie) Pink trees for Pauline. Sy jongste Album is ‘NUWE GENADE.’ Vir meer inligting besoek https://www.michaellindt.co.za/




**Alan Ladd** is in 1966 in Lusaka, Zambië gebore. Sy familie het in 1976 na Suid-Afrika geëmigreer. Alan is reeds sedert 1985 betrokke in die musiekbedryf.

Sy eerste solus sewe plaat is ‘DADDY/I’M THINKING ABOUT YOU’ wat destyds uitgereik is deur Panorama Musiek. Sedertdien het Alan groot bekendheid verwerf deur Country-musiek te sing soos geen ander Suid- Afrikaanse musikant nie. In 2006 het Alan hom na gospelmusiek gewend waar hy selfs meer sukses behaal het.


Alan is ‘n begaafde liedjieskrywer. Meer as ‘n honderd liedjies uit sy pen is al gepubliseer. Van die bekende sangers vir wie Alan liedjies gekomponeer het is onder andere Kurt Darren, Dana Winner, Arno Jordaan, Lance James, Pieter Koen, Thys die Bosveldklong, Wynand Strydom, Zak van Niekerk en Charles Rudd.

As sanger en musikant bly Alan se eerste liefde Country- en Country gospel musiek. Hy het reeds sestien albums die lig laat sien. Hiervan het sewe albums goue status en drie platinum status verkope behaal. Sy Country dvd ‘COUNTRY LIVE’ is in 2007 aangewys as die beste verkoper van alle plaaslike sowel as internasionale produkte wat deur MFP versprei is. Alan het in 2007 ‘n SAMA (South African Music Awards) toekenning ontvang en in 2008 het hy ‘n SAVMT (VONK) toekenning ontvang, beide vir die Country musiek kategorie. In 2010 is hy weer vir ‘n SAMA toekenning benoem. Sy latere albums is: ‘THE HIGHEST HILL’ (2012), ‘COUNTRY GEMS’ (2013) en ‘COUNTRY THINGS’ (2018). Een van die liedjies op die COUNTRY THINGS album, ‘THE OLDER I GET,’ het ‘n MELODIE toekenning gewen vir die beste verwerking van ‘n bestaande treffer.

Alan se konserte is ‘n mengsel van bekende en nuwe Country liedjies en stories - daar is iets vir oud en jonk. Hy tree gereeld in die buurlande Namibië, Zambië, Botswana en Zimbabwe op. Benewens sy sangloopbaan is Alan ‘n bedrewe radio-omroeper wat gereeld musiek- en geestelike programme aanbied. Laastens, is hy bekend vir sy geestelike bediening (sangdienste) en as motiverings spreker. Alan se slagspreuk is “My hart klop Country!”

# WYSE WOORDE

Geloof, hoop en liefde is die drie boustene van die lewe. Paulus se stelling van bykans 2000 jaar gelede het die toets van die tyd deurstaan. Lees gerus wat merkwaardige mense deur die eeue heen oor hoop te sê het:




**Abraham Lincoln** *(Regsgeleerde, 16e president van die V.S.A.):*

Hoop het die wonderlike vermoë om mense aan te spoor om hul beste te lewer en om gelukkig te wees.




**Adel Bestavros** *(Regsgeleerde, prediker):*

Geduld met ander is Liefde, Geduld met self is Hoop, Geduld met God is Geloof.



**Agatha Christie** *(Die topverkoper skrywer van alle tye):*

Ons is gereed om te gou te wanhoop, ons is gereed om te sê: 'Wat help dit tog om nog enigiets te doen?' Hoop is die deug wat ons die meeste in hierdie dae en tye behoort te koester.




**Albert Einstein** *(Teoretiese fisikus):*

Leer van gister, leef vir vandag, hoop vir môre. Die belangrikste is om nie op te hou om vrae te vra nie.



**Alexandre Dumas** *(Gewilde Franse skrywer):*

Leef dan en wees gelukkig, geliefde kinders van my hart, en vergeet nooit, dat tot op die dag wat God aangewys het om die toekoms aan die mens te openbaar, is alle menslike wysheid vervat in hierdie twee woorde, 'Wag en Hoop.'




**Alfred Lord Tennyson** *(Engelse digter):*

Hoop glimlag van die drumpel van die jaar wat kom af, en fluister 'dit sal gelukkiger wees.'




**Anne Brontë** *(Romanskrywer en digter):*

Maar ons wense is soos maklik ontvlambare brandstof: die vuursteen en staal van omstandighede slaan voortdurend vonke uit, wat dadelik verdwyn, tensy dit die geleentheid kry om op die brandstof van ons wense te val; dan ontsteek dit dadelik, en die vlam van hoop word in 'n oomblik aangesteek.




**Aristoteles** *(Griekse filosoof):*

Hoop is om te droom terwyl jy wakker is.




**Augustinus van Hippo Regius** *(Christelike leier, filosoof en skrywer uit Noord-Afrika):*

Hoop het twee pragtige dogters; hulle name is Woede en Moed. Woede oor hoe dinge tans is, en Moed om toe te sien dat dit nie bly soos wat dit is nie.



**Barack Obama** *(44ste President van die V.S.A.):*
Hoop is dit in ons wat daarop aandring, ten spyte van al die bewyse van die teendeel, dat iets beters op ons wag indien ons die moed het om daarna te strewe en daarvoor te werk en daarvoor te veg. Die beste manier om nie hopeloos te voel nie, is om op te staan en iets te doen. Moenie wag dat goeie dinge met jou gebeur nie.
As jy uitgaan en 'n paar goeie dinge laat gebeur, sal jy die wêreld met hoop vul, jy sal ook vir jouself vul met hoop.



**Benjamin Franklin** *(Wetenskaplike, uitvinder, staatsman, diplomaat, drukker, uitgewer, skrywer, politieke filosoof):*

Hoop is 'n noodsaaklike bestanddeel van die mens se lewe.




**Boris Pasternak** *(Romanskrywer, veral Doctor Zhivago):*

Om te hoop en om op te tree, dit is ons pligte in teenspoed.  En onthou: jy moet nooit, onder geen omstandighede, wanhoop nie.



**Boethius** *(Romeinse senator, konsul en filosoof van die vroeë 6de eeu)*
So… droog jou trane af. Geluk het nog nie haar rug op al jou seëninge gedraai nie.

Die storm het nog nie met te veel geweld oor jou losgebreek nie. Jou ankers hou nog stewig vas en hulle laat jou beide vertroosting in die hede en hoop in die toekoms vind.




**C.J. Langenhoven** *(Regsgeleerde, skrywer, digter, redakteur, taalstryder, politikus):*

Hier voor my vind ‘n wonder plaas: Uit dooie grond sien ek ‘n plantjie groei.




**Charles Caleb Colton** *(Geestelike, skrywer en kunsversamelaar):*

Hoop sien die onsigbare, voel die ontasbare en bereik die onmoontlike.



**Charles M. Schulz** *(Spotprenttekenaar, skepper van die "Peanuts" strokiesprent karakter):*

’n Hele stapel herinneringe is nooit gelyk aan een klein bietjie hoop nie.




**Charles Dickens** *(Skrywer, sosiale kritikus van die Victoriaanse era):*

Dit is altyd belangrik om te weet dat jy alles gedoen het wat jy kon. Maar moenie ophou om te hoop nie, anders help dit niks om iets te doen nie. Hoop, hoop tot op die laaste!



**Charles Kingsley** *(Geestelike, historikus, romanskrywer):*

Diegene wat ek in die lewe sien vooruitgaan het, was almal vrolike en hoopvolle mense; altyd met 'n glimlag op die gesig; en wat die veranderinge en die geleenthede van hierdie sterflike lewe met moed aangedurf het; nieteenstaande die lief en die leed wat oor hul lewenspad mag kom.




**Charles Sawyer** *(Amerikaanse prokureur en diplomaat, Minister van Handel):*
Van alles wat die wêreld 'n beter plek probeer maak, is nie een so onontbeerlik, nie een so kragtig, soos hoop nie. Sonder hoop leef 'n mens net halfpad. Met hoop droom en dink en werk jy voluit.




**Charles Spurgeon** *(Baptiste prediker):*

Hoop self is soos 'n stêr – nie om in die sonskyn van voorspoed gesien te word nie, maar om ontdek te word in die nag van teëspoed.




**Christian Nevell Bovee** *(19de-eeuse New York Stad epigrammatiese skrywer):*

Hoop is die beste deel van ons rykdom.




**Christopher Goodman** *(Engelse hervormende geestelike en skrywer):*

Indien ons verandering verwag, moet ons elke dag volgens ons hoop optree totdat ons bereik het wat ons wou hê.



**Christopher Reeve** *(Akteur, regisseur en aktivis; het die titel- hoofkarakter in die Superman-filmreeks vertolk*):

Wanneer jy hoop kies, is enigiets moontlik.



**Cincinnatus Hiner Miller** *(Prokureur, regter, joernalis, digter):*
They sailed.They sailed.
Then spoke the Mate: "This mad sea shows its teeth tonight. He curls his lip, he lies in wait,
With lifted teeth, as if to bite! Brave Admiral, say but one good word; **What shall we do when hope is gone?**"

The words leapt like a leaping sword: "**Sail on! sail on! sail on! and on!**"
Then, pale and worn, he kept his deck
And peered through darkness.
Ah! that night Of all dark nights! And then a speck— A light! A light! A light! A light! It grew, a starlit flag unfurled!
It grew to be Time's burst of dawn. He gained a world; **he gave that world Its grandest lesson: "On! sail on!"** (Van: "Columbus." Deur C.H. Miller)




**Clare Booth Luce** *(Amerikaanse ambassadeur, politikus, skrywer):*

Daar is geen hopelose situasies nie; daar is net mense wat daaroor hopeloos geword het.



**Confucius** *(Mandaryns Kǒng Fūzǐ, Chinese filosoof en politikus – moontlik die bron):*

Dit is beter om 'n kers aan te steek as om die donkerte te vervloek.



**Cyrus A Bartol** *(Prediker, skrywer en komponis van gewyde liedere):*

Hoop is die ouer van geloof.



**Daisaku Ikeda** *(Filosoof, opvoeder, skrywer):*

Hoop verander alles. Dit verander winter in somer, duisternis in dagbreek, agteruitgang in vordering, leegheid in kreatiwiteit, angs in vreugde. Hoop is die lewe se grootste skat.




**Dalai Lama XIV:**

Daar is 'n gesegde in Tibetaans, 'Tragedie moet as 'n bron van krag gebruik word.' Dit maak nie saak watter soort probleme, of hoe pynlik die ervaring is nie, indien ons, ons hoop verloor, is ***dit*** ons ware ramp.



**Dale Carnegie** *(Skrywer, dosent en openbare spreker):*

Die meeste van die belangrike dinge in die wêreld is bereik deur mense wat aanhou probeer het toe dit gelyk het asof daar geen hoop meer was nie.



**Desmond Tutu** *(Anglikaanse aartsbiskop):*

Hoop is om te kan sien dat daar lig is ten spyte van al die duisternis.



**Don Gossett** *(Prediker, wêreldwye evangelis, sendeling en jarelange omroeper):*

Vrees is die duiwel se tweede naam.



**Dr. Seuss** *(Skuilnaam van die skrywer, politieke spotprenttekenaar, illustreerder, digter, animasie kunstenaar, draaiboekskrywer en filmmaker Theodor Seuss Geisel)*:
Wanneer die wêreld sê: "Gee op," fluister Hoop, "Probeer dit nog een keer". Jy het veel meer potensiaal as wat jy glo jy het.



**Edward T. Creagan, M.D**. *(Vorige Hoof van Personeel by die wêreldbekende Mayo Clinic)*
Sommige mense het geleenthede wat hul pad na grootsheid gelyk maak, maar ons kan almal dink aan legio mense wat met niks begin het nie, wat oënskynlik geen opsies gehad het nie, en tog op die een of ander manier 'n lewe van betekenis en verbintenis vir hulself uitgekap het. Daar is bakens van hoop daar buite.



**Elizabeth 11** (*Koningin van die Verenigde Koninkryk vanaf 6 Februarie 1952 tot 8 September 2022)*

Dwarsdeur my lewe was die boodskap en leringe van Christus my gids en daarin vind ek hoop. *(3 Augustus 2022)*



**Elna Rae**:

Waar hoop groei, daar blom wonderwerke.




**Emil Brunner** *(Switserse Gereformeerde teoloog):*

Wat suurstof vir die longe is, so is hoop vir die sin van die lewe.




**Erik H Erikson** *(Sielkundige - psigososiale ontwikkeling):*

Hoop is beide die vroegste en die mees onontbeerlike deug wat inherent is aan die wese van die lewe. Vir die lewe om volhoubaar voort te gaan, moet daar hoop wees, selfs waar vertroue geskaad is, en selfvertroue geknou is.




**Euripides** *(Klassieke Griekse dramaturg):*

Om te volhard, om te vertrou op die hoop wat hy het,
dit is moed in 'n mens.




**Father James Keller** (*Rooms- Katolieke priester, radio- en televisiepersoonlikheid*):

Hoop beskou probleme, klein of groot, as geleenthede. Hoop maak deure oop waar wanhoop hulle toemaak. Hoop ontdek wat gedoen kan word in plaas daarvan om te kla oor dit wat nie kan wees nie.



**Frank Lloyd Wright** *(Argitek, ontwerper, skrywer en opvoeder):*


Die hede is die immer bewegende skaduwee wat gister van môre skei. Daarin lê hoop.



**Franklin D. Roosevelt** *(32ste President van die V.S.A):*


Ons het nog altyd vasgehou aan die hoop, die geloof, die oortuiging dat daar 'n beter lewe, 'n beter wêreld, anderkant die horison is.

… laat ek my vaste oortuiging bevestig dat die enigste ding wat ons hoef te vrees, ***vrees self is*** - die naamlose, onredelike, ongeregverdigde terreur wat die nodige pogings om terugtog in vooruitgang te verander, verlam.




**Friedrich Nietzsche** *(Filosoof, kultuurkritikus en taalkundige):*

Die mens wat 'n hoekom het om te lewe, kan amper enige hoe verduur.



**Fritz Knapp** *(Filosoof, kunshistorikus):*

Trouens, hoop word die beste verkry ná nederlaag en mislukking, want dan word innerlike krag en deursettingsvermoë voortgebring.



**Fyodor Dostoevsky** *(Romanskrywer, kortverhaalskrywer, joernalis):*

Om sonder Hoop te lewe, is om op te hou lewe.



**George Iles** *(20ste-eeuse Kanadese akteur en skrywer):*

Hoop is geloof wat sy hand uitsteek in die donker.




**Gilbert K Chesterton** *(Skrywer en filosoof):*

Om lief te hê beteken om die onbeminlike lief te hê. Om te vergewe beteken om die onvergeeflike te vergewe. Geloof beteken om die ongelooflike te glo. Hoop beteken om te bly hoop wanneer alles hopeloos lyk.



**Hafez** *(Persiese liriese digter):*

In tyd van benoudheid moet u nie u aangesig wegkeer van hoop af nie, want die sagte murg word in die harde been gevind.



**H. Jackson Brown, Jr.** *(Skrywer):*

Hoop is die magiese tapyt wat ons van die huidige oomblik na die koninkryk van oneindige moontlikhede wegvoer.




**Hal Borland** *(Natuurkenner, joernalis, skrywer):*

Geen winter hou vir ewig aan nie; geen lente slaan sy beurt oor nie.



**Hal Lindsey** *(Televisie-aanbieder, evangeliese skrywer):*

Die mens kan vir omtrent veertig dae lank sonder kos leef, vir omtrent drie dae sonder water, omtrent agt minute sonder lug...maar net vir een sekonde sonder hoop.



**Hebreërs 11:1**: *(Skrywer onbekend, het reeds teen 96 nC bestaan):*

Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.



**Helen Keller** *(Skrywer, dosent):*

Optimisme is die geloof wat lei tot prestasie. Niks kan sonder hoop en vertroue gedoen word nie.



**Immanuel Kant** *(Filosoof):*

Die reëls vir geluk: iets om te doen, iemand om lief te hê, iets om voor te hoop.
Alles waaraan ek my aandag gewy het, dit waaroor ek wonder sowel as dit wat ek weet, kom tot uiting in die volgende drie vrae: Wat kan ek weet? Wat moet ek doen? Wat kan ek hoop?

**Italiaanse spreuk**: Hoop is die laaste wat die ongelukkiges laat vaar/Hoop is die laaste ding wat ooit verloor word.



**Jeanne Guyon** *(Bekend as Madame Guyon, godsdienstige skrywer en digter):*

Ek smeek vir jou om nie aan wanhoop toe te gee nie. Hopeloosheid trek die hart saam en laat dit verdor, wat veroorsaak dat dit nie God se seëninge en genade kan aanvoel nie.



**Jeremia 29:11** *(Jeremia, 'n profeet, en sy sekretaris, Baruk. Ontstaan tussen 627 en 586 vC)***:**

Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!



**Jeremy Collier** *(Biskop, predikant):*

Hoop is 'n kragtige beginsel; dit is toegerus met insig en energie om raad te gee en om dit uit te voer; dit sit die verstand en die hart aan die werk, en spoor 'n mens aan om sy uiterste bes te doen. En dus, deur voortdurend aan te spoor en te bemoedig, oorkom dit probleme en laat 'n skynbare onmoontlikheid besgee.




**Jesaja 40:31** *(Jesaja, 'n profeet. Ontstaan 740 - 697 vC)*:

Maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.




**Jesse Jackson** *(Baptiste predikant en politikus):*

Hou jou kop hoog, steek jou bors uit. Jy kan dit maak. Dit word soms donker, maar die oggend kom. Hou hoop lewendig.



**Job 11:18** *(Skrywer onbekend, is te boek gestel tussen 500 - 200 vC)***:**

Omdat jy weet daar is hoop vir jou, sal jy moed hê vir die toekoms. As jy klaar na alles om jou gekyk het, sal jy veilig kan slaap.



**Johann Wolfgang Von Goethe** *(Dramaturg, digter, wetenskaplike):*


Dit is altyd beter om te hoop as om te wanhoop.

Geld verloor, iets verlore. Eer verloor, baie verlore. Moed verloor, alles verlore - beter dat jy nooit gebore is nie.




**Johannes Calvyn** *(Teoloog, prediker en hervormer)*:

Die woord "hoop" neem ek vir geloof, en hoop is inderdaad niks anders as die standvastigheid van geloof nie.




**John H. Johnson** *(Sakeman en uitgewer):*

Mans en vroue word nie beperk deur die plek van hul geboorte nie, nie deur die kleur van hul vel nie, maar deur die grootte van hul hoop.




**Jonas Salk** *(Mediese navorser, ontwikkelaar van polio-entstowwe):*

Hoop lê in drome, in verbeelding, en in die moed van diegene wat dit waag om hul drome 'n werklikheid te maak.



**Jose Joaquin Olmedo** *(President van Ecuador, digter):*

Hy wat nie hoop om te wen nie, het reeds verloor.



**Joseph Addison** *(Essayis, digter, dramaturg en politikus):*

As jy suksesvol wil wees in die lewe, maak volharding jou boesemvriend, ervaring jou wyse raadgewer, versigtigheid jou ouer broer, en hoop jou beskermengel.



**J.R.R. Tolkien** *(Skrywer, digter, akademikus)*:

Oft hope is born when all is forlorn.

From the ashes a fire shall be woken,
A light from the shadows shall spring;
Renewed shall be the blade that was broken,
The crownless again shall be king.
(J.R.R. Tolkien The Lord of the Rings).



**Jurgen Moltmann** *(Gereformeerde teoloog):*

Om sonder hoop te lewe is om op te hou lewe. Die hel is hopeloosheid. Dit is geen toeval dat bokant die ingang na Dante se hel die inskripsie is: "Laat alle hoop agter, julle wat hier ingaan."




**Klaagliedere** *(Een of meer digters uit Israel, ontstaan kort na 586 vC):*

**Klaagliedere 3: 21 - 22** en om dié rede bly ek hoop: deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut.




**Lao Tzu** *(Chinese filosoof en skrywer):*

Solank ons hoop het, het ons rigting, die energie om te beweeg en die kaart wat die pad aanwys. Ons het honderde alternatiewe, duisende paaie en 'n oneindigheid van drome. Hoopvol is ons halfpad oppad na waarheen ons wil gaan; hopeloos, en ons is vir altyd verlore.



**Leonard Cohen** *(Sanger-liedjieskrywer, digter, romanskrywer):*

Daar is 'n kraak in alles, dit is hoe die lig inkom.



**Lucian van Samosata** *(Antieke Siriese satirikus, retorikus en pamfletskrywer):*

Die mens se lewe is onder die absolute heerskappy van twee magtige beginsels, vrees en hoop, en enigeen wat dit kan bemeester om sy doelwitte te bereik kan seker wees van die vinnige opbou van rykdom.




**Magic Johnson** *(Amerikaanse voormalige professionele basketbalspeler, sakeman):*

Al wat kinders nodig het, is 'n bietjie hulp, 'n bietjie hoop en iemand wat in hulle glo.




**Marcus Aurelius** *(Romeinse keiser en 'n Stoïsynse filosoof):*

Ons lewe is wat ons gedagtes daarvan maak.



**Marcus Tullius Cicero** *(Romeinse staatsman, regsgeleerde, filosoof):*

Terwyl daar nog lewe is, is daar hoop.





**Markies De Vauvenargues** *(Franse skrywer en moralis):*

Daar is niks wat vrees en hoop mense nie toelaat om te doen nie.




**Martin Luther** *(Priester, teoloog, skrywer en gesangskrywer):*

Alles wat in die wêreld gedoen word, word deur hoop gedoen. Geen handelaar of vakman sou homself aan die werk stel as hy nie gehoop het om daardeur voordeel te trek nie.



**Martin Luther King, Jr.** *(Baptiste-predikant en Burgerregteleier):*

Ons moet tydelike teleurstelling aanvaar, maar nooit oneindige hoop verloor nie. Selfs in die onvermydelike oomblikke wanneer alles hopeloos lyk, weet mense dat hulle sonder hoop nie werklik kan lewe nie, en in pynlike desperaatheid huil hulle vir die brood van hoop.



**Miguel De Cervantes** *(Romanskrywer, dramaturg en digter, die skepper van Don Quixote):*

Die feniks hoop kan haar weg deur die woestynhemel vind, en terwyl sy steeds die geluksgodin se wraak trotseer; uit die as herleef en opstaan.



**Napoleon Bonaparte** *(Franse militêre leier, keiser):*

'n Leier is 'n handelaar in hoop.



**Nelson Mandela** *(Staatspresident):*

Mag jou keuses jou hoop weerspieël, nie jou vrese nie.




**Nic Wiehahn** *(Akademikus, professor, voorsitter van direksies, rade en kommissies):*

$$E = mc^2$$

**JY KAN AS JY NET REGTIG WIL**

Die mens se enorme bron van ENERGIE (E) kan ontsluit word deur die samevoeging van sy MOED (m) en sy YWER ($c^2$). (Lewenswaardes. Richard Havenga & Associates, 2005).



**Norman Cousins** *(Redakteur, skrywer van elf boeke oor gesondheid en genesing):*

Die vermoë om te hoop is die belangrikste feit van die lewe. Dit verskaf aan mense 'n gevoel van bestemming en die energie om te begin. Hoop is onafhanklik van die beredenering van die logika.



**Norman Vincent Peale** *(Geestelike, skrywer):*

Beoefen hoop. Soos hoopvolheid 'n gewoonte word, kan jy 'n permanente gelukkige gees verkry. Moet nooit soos ‘n verloorder praat nie. Gebruik woorde soos hoop, vertroue, geloof, en oorwinning.



**Onbekende skrywer:**

Hoop is die goue draad wat in elke ervaring van die lewe ingeweef moet word.




**Onbekende skrywer:**

Een van die beste lesse wat die natuur ons kan leer, is dié van hoop. Sy wys ons hoop wat verwesenlik word met elke knop wat blom en elke voël wat leer vlieg.



**Onbekende skrywer:**

In ons lewens, waar daar hoop is, beweeg die onmoontlike tot binne ons greep, en wat moeilik lyk om te bereik, wag maar 'n asemteug weg.



**Orison Swett Marden** *(Skrywer, openbare spreker, redakteur, uitgewer, mediese dokter en prokureur):*


Daar is geen medisyne soos hoop nie, geen aansporing so groot nie, en geen tonikum so kragtig soos die verwagting van ‘n beter môre nie.

Die hoopvolle mens sien sukses waar ander mislukking sien, sonskyn waar ander skaduwees en storms sien.



**Ovidius** *(Romeinse digter):*

My hoop word nie altyd verwesenlik nie, maar ek bly altyd hoop.




**P.G. du Plessis** *(Akademikus, skrywer, redakteur, dramaturg):*

Bottom is altyd twee pikstele dieper (<u>Tussen die riewe.</u> Benedic, 1997).



**Patsy Clairmont** *(Openbare spreker, skrywer):*

Hoop kom as 'n metgesel; sy glip haar arm om jou skouer en bied aan om jou te help voortbeur na verandering.



**Paul Gerhardt** *(Bekende skrywer van Lutherse evangeliese gesange):*

Deur golwe en wolke en storms berei Hy sagkens die pad voor.




**Paul Moon James** *(Bankier, prokureur en digter):*

Hoop, daardie stêr van die lewe se golwende oseaan.




**Plinius die ouere** *(Romeinse skrywer, natuurkenner, filosoof, vloot- en weermagbevelvoerder):*

Hoop is die pilaar wat die wêreld omhoog hou.




**Pous Benedict XVI** *(Gebore Joseph Aloisius Ratzinger):*

Hoop word beoefen deur die deug van geduld, wat voortgaan om goed te doen selfs in die aangesig van oënskynlike mislukking, en deur die deug van nederigheid, wat God se verborgenheid aanvaar en Hom vertrou selfs in tye van duisternis.




**Pous Francis** *(Gebore Jorge Mario Bergoglio):*

Wanneer ons in gebed na Hom toe gaan, gee Hy ons hoop en krag om die onmoontlike te hanteer.



**Pous John XXIII** *(Gebore Giuseppe Angelo Roncalli)*:

Raadpleeg nie jou vrese nie, maar jou hoop en drome. Dink nie aan jou frustrasies nie, maar aan jou onvervulde potensiaal. Bekommer jouself nie oor wat jy probeer en waarin jy misluk het nie, maar oor wat nog vir jou moontlik is om te doen.



**Pous John Paul II** *(Gebore Karol Józef Wojtyła):*

Ek pleit by jou - moet nooit, ooit opgee op hoop nie, nooit twyfel nie, nooit moeg word nie, en nooit moedeloos word nie. Moenie bang wees nie. Laat ons (altyd) vorentoe gaan in hoop!.




**Psalms** *(Verskeie skrywers, te boek gestel tussen 900 - 500 vC)*:

**Psalm 27:14** Stel al jou hoop op die Here! Hou moed! Moenie die handdoek ingooi nie; bly glo in die Here!

**Psalm 31:25** Hou moed! Julle wat op die Here vertrou, moet nooit moedeloos word nie.

**Psalm 39:8** Ag Here, wat bly daar nog vir my in hierdie lewe oor? Ek vestig al my hoop op U!

**Psalm 62:6** Ek het vir myself gesê: Word rustig by die Here. Om by Hom te wees gee vir my hoop. Hy beskerm en red my.



**Ralph Waldo Emerson** *(Essayis, filosoof, dosent):*

Ons beoordeel die mens se wysheid volgens sy hoop.

Hierdie nuwe dag is te kosbaar, met sy hoop en geleenthede, om 'n oomblik te mors op die gisters.



**Richard M. De Vos** *(Sakeman, medestigter van Amway):*

Min dinge in die wêreld is kragtiger as 'n positiewe aansporing. ‘n Glimlag. 'n Wêreld van optimisme en hoop. 'n 'Jy kan dit doen' wanneer dinge moeilik is.




**Robert Burton** *(Geleerde, skrywer en Anglikaanse geestelike):*

Hoop en geduld is die twee beste geneesmiddels vir alles, die sekerste om op te vertrou, en die sagste kussings om op te leun in teëspoed.



**Robert H Goddard** *(Ingenieur, professor, fisikus en uitvinder):*

Dit is moeilik om te sê wat onmoontlik is, want die droom van gister is die hoop van vandag en die werklikheid van môre.



**Robert Kraft** *(Sakeman, Kraft Group):*

Baie mense het hul groot drome en word platgeslaan en ervaar teëspoed. En jy gee nooit hoop op nie, en jy hou eintlik net daaraan vas. Harde werk en deursettingsvermoë. Jy bly net opstaan en opstaan, en dan kry jy daardie deurbraak.



**Robert H Schuller** *(Prediker en skrywer):*

Laat jou hoop, nie jou seerkry nie, jou toekoms vorm.



**Romeine** *(Apostel Paulus, geskryf 55 - 56 nC):*

**Romeine 5:5** en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.


**Romeine 12:12** Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.

**Romeine 15:13** Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!



**Saïd K. Aburish** *(Joernalis en skrywer):*

Maar jy kan nie hoop verslaan nie; dit is baie soos 'n kiem wat dormant bly in die siele van mense, die tipe wat in bedwang gehou kan word, maar nooit doodgemaak kan word nie.



**Samuel Smiles** *(Regeringshervormer en skrywer):*

Hoop is die metgesel van kragdadigheid, en die moeder van sukses; want wie so sterk hoop, het die gawe van wonderwerke in hom.
Hoop is soos die son: as jy in sy rigting kyk, werp hy die skadu's van jou probleme agter jou.




**Søren Kierkegaard** *(Teoloog, filosoof, digter):*

Hoop is 'n passie vir die moontlike.



**Spreuke** *(Salomo, koning van Israel van 970 - 931 vC, met Agur en Lemeul* die skrywers van *latere gedeeltes):*

**Spreuke 4:23** Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.




**St Clement van Alexandria** *(Sendingteoloog aan die Griekse kulturele wêreld, leier en onderwyser van die kategeseskool van Alexandrië):*

As jy nie hoop nie, sal jy nie dit vind wat verder as jou hoop wag nie.




**Taylor Caldwell** *(Romanskrywer):*

Daar is geen einde aan hoop nie, want daar is geen einde aan God nie. *(A Pillar of Iron. Reback & Reback, 1965).*




**Terry Small** *(Meesteronderwyser, leervaardigheidspesialis, konsultant):*

Ek glo hoop is so noodsaaklik vir die brein soos die suurstof wat ons inasem. 'n Gevoel van hoopvolheid verander jou brein. Hoop veroorsaak dat die brein neurochemikalieë vrystel. Hierdie chemikalieë kan pyn blokkeer en genesing versnel. In wetenskaplike terme is daar 'n direkte verband tussen hoop en herstel. (Brain Bulletin #47: **The Science of Hope**, 21 Maart 2009).




**Theodore Roosevelt** *(26ste President van die V.S.A.)*.

Wanneer jy aan die einde van jou tou is, maak 'n knoop en hou vas.




**Thomas Carlyle** *(Essayis en filosoof):*

Wie gesondheid het, het hoop. En wie hoop het, het alles.



**Thomas Fuller** *(Geleerde, prediker, skrywer):*

Groot hoop maak uitsonderlike mense.
Was dit nie vir hoop nie sou die hart breek.




**Thomas Jefferson** *(Derde president van die V.S.A.):*

Ek stuur my skip met hoop vorentoe en laat vrees op die agterdek. My hoop misluk inderdaad soms, maar nie meer dikwels as die voorspooksels van die doemprofete nie.




**Vaclav Havel** *(Dramaturg, president van die Tsjeggiese Republiek*):

Hoop is beslis nie dieselfde as optimisme nie. Dit is nie die oortuiging dat iets goed sal eindig nie, maar die sekerheid dat iets sin maak, ongeag hoe dit gaan afloop.




**Victor Hugo** *(Digter, romanskrywer, essayis, dramaturg en toneelskrywer)*:

Hoop is die woord wat God op die voorkop van elke mens geskryf het.



**Viktor Frankl** *(Neuroloog, psigiater, filosoof, skrywer en Holocaust- oorlewende):*

Magte buite jou beheer kan alles wat jy besit wegneem behalwe een ding, naamlik jou vryheid om te kies hoe jy op die situasie sal reageer.



**Vergilius** *(Romeinse digter):*

Bly hoop, en bewaar jouself vir voorspoedige tye.



**Wallace Rice** *(Redakteur, joernalis, skrywer):*

Hoop, die beste medisyne vir siekte, rampspoed, sonde.



**William Hazlitt** *(Essayis, drama- en literêre kritikus, skilder, en filosoof):*

Hoop is die beste besitting. Niemand is heeltemal ellendig nie, behalwe die wat sonder hoop is. Min word só laag verneder.



**William Shakespeare** *(Dramaturg, digter en akteur):*

Hope is a lover's staff; walk hence with that
And manage it against despairing thoughts.

True hope is swift, and flies with swallow's wings: Kings it makes gods, and meaner creatures kings.
(Two Gentlemen of Verona; Richard III).




**Winston Churchill** *(Eerste minister, soldaat, skrywer):*

Al die belangrike dinge is eenvoudig, en baie kan in 'n enkele woord uitgedruk word: vryheid, geregtigheid, eer, plig, genade, hoop.



**William Wordsworth** *(Digter):*

Ons lewe deur Bewondering, Hoop en Liefde; En, selfs al is dit goed en wyslik so bepaal, is dit in die veredeling van ons menswees dat ons groei.



**Zig Ziglar**: *(Skrywer, verkoopsman, bemarkingspesialis, konsultant en motiveringspreker):*

Hoop is die krag wat vir 'n mens die selfvertroue gee om die lewe aan te durf en te probeer.

~~~~~~~~~*****~~~~~~~~~~

**Notas:**

- Hierdie E-boekie word gratis voorsien.
- Dit is saamgestel uit bronne en inligting wat vryelik in die openbare domein beskikbaar en toeganklik vir almal is.
- Geen advies, menings en of opinies word hiermee gehuldig en of bevorder nie.
- Die direkte aanhalings uit die oorspronklike bronne word as sodanig aangedui deur volledige verwysings en is beperk tot enkele sinne.
- Vertaling uit Engels deur O.J.S. Fourie, Junie 2022.
- Redigering O.T. Cloete, Julie 2022.
- Plakkaat, grafika, video, klank en redigering: M. Viljoen, Junie 2022.
~~~~~~~~~

# BORGE


HERRIE

ADVERTENSIE- EN NUUSBLAD / ADVERTISING- AND NEWSPAPER / IPHEPHALENTEGISO NEENDABA

Tel 044 272 5688 • Faks 044 272 2439 • info@herrie.co.za • Kerkstraat 127, Oudtshoorn 6625




Pick an Artist Promotions

Bookings: 082 460 1752

www.pickapainting.co.za




https://bit.ly/3b8cqVf Phone: 071 209 1977

Camino de las iglesias de arenisca

Roete van die sandsteen kerke

Road of the sandstone churches

DIE HOORN

Beat fm
103.9 - 107.4
Your Heartbeat For Christ
YOUR HEARTBEAT FOR CHRIST
Heartbeat FM - The Southern Cape's Biggest Christian Community Radio Station

CKI
CAPE KAROO INTERNATIONAL